# Afrikaans Huistaal

# Assesseringstaak Kwartaal 4

# Graad 2

Naam en Van: ________________________________

Datum: ______________________________________

| Puntetoekenning Assesseringstaak | | |
|---|---|---|
| 1. Luister en praat | 30 | |
| 2. Klanke | 25 | |
| 3. Gedeelde lees: Interpreteer inligting, groepbegeleide en selfstandige lees | 25 | |
| 4. Kreatiewe Skryfwerk | 10 | |
| 5. Handskrif | 100 | |
| Totaal | | |

Afdeling 1

Luister en Praat

Punte: 30

Luister na die opdrag, konsentreer mooi en doen presies wat gevra word. Beantwoord al die vrae mondelings.



## Die tandmuis

Hoe kan die tandemuis 'n vyfrand dra
dis vir hom mos hopeloos te swaar
waar sal hy dan bly
en hoe kan hy so vinnig ons huisie kry.

Die tandemuis het 'n waentjie
waarmee hy dan reis,
waarin hy die geldjies dra
en die tandjies wat hy van ons vra.

Hy bou sy huis
met die tandjies wat hy op eis,
waarvoor hy ons ook betaal
en hy my tand kom haal.

Hy het klere en 'n hoed
wat hy lig in 'n gebaar om ons te groet.
Hy het stewels en 'n jas
en 'n rugsak waarin ons tandjies pas.



Beantwoord die volgende vrae mondelings.

1. Waaroor gaan die gediggie?

   **Die gedig gaan oor 'n tandmuis wat ons tande kom haal.**

2. Watter twee vra vrae die seuntjie in die eerste gedeelte van die gedig?

   - **Hoe kan 'n tandmuis 'n vyfrand dra?**
   - **Waar bly hy?**
   - **Hoe kan hy so vinnig ons huis kry?**

3. Wat bêre die tandmuis alles in die waentjie waarmee hy reis?

   **Hy bêre ons tande en die geldjies wat hy by ons kry in die waentjie.**

4. Waarmee bou die tandmuis sy huis?

   **Hy bou sy huis uit ons tande.**

5. Dra die tandmuis klere? Watter klere dra hy?

   **Ja, hy dra klere en 'n hoed/ Jas en stewels.**

6. Waarin dra hy die tande?

   **Hy dra die tande in 'n rugsak.**

7. Dink jy die tandmuis bestaan regtig?

   **Leeder se eie opinie.**


8. Met watter letter begin die woord "tandmuis"?

   **Met "t".**

| Luister en Praat Rubriek | | | | |
|---|---|---|---|---|
| | 1 - Benodig hulp | 2 - gedeeltelik | 3 - goed | 4 - uitstekend |
| Woordeskat en taalgebruik | Sukkel om effektief te kommuniker a.g.v. beperkte woordeskat. Kan nie homself/haarself uitdruk nie. | Gebruik 'n beperkte woordeskat. Maak baie grammatikale foute. | Gebruik gepaste woordeskat. Praat in volsinne en gebruik en praat in die korrekte tyd, bv. Verlede, toekomende of hede | Gebruik 'n uitgebreide woordeskat. Praat in volsinne en gebruik korrekte en goeie taal. Gebruik beskrywende woorde. |
| Gebruik gepaste volume en intonasie | Praat te sag of mompel. Moeilik om te verstaan o f hoor | Praat te vinnig. Soms moeilik om te verstaan. | Praat stadig en duidelik. Maklik om te verstaan. Kan die meeste van die tyd duidelik gehoor word. | Praat stadig en duidelik. Kan ten alle tye maklik gehoor en verstaan word. |
| Inhoud | Neem nie deel nie. | Beperkte inhoud. Leerkrag moet vrae stel om duidelikheid te kry | Spontaan. Gee genoegsame inhoud wat van die leerder verwag word. | Spontaan en uitgebrei. Inhoud verskaf meer inligting as wat verwag word. |
| Begripsvaardighede | Die meeste antwoorde is verkeerd | Die meeste van die antwoorde is korrek. | Al die woorde is korrek. | Al die woorde is korrek. Die leerder kon ook dit in volsinne beantwoord. |
| Vra vrae vir duidelikheid | Die leerder moet altyd vrae vra vir duidelikheid omdat hy selde aandag skenk wanneer opdragte gegee word. | Die leerder moet meeste van die tyd vrae vir duidelikheid vra omdat hy/sy omtrent altyd nie aandag skenk wanneer opdragte gegee word nie. | Die leerder hoef die meeste van die tyd nie vrae vir duidelikheid te vra nie, aangesien hy/sy die meeste van die tyd aandag skenk wanneer opdragte gegee word. | Die leerder hoef nooit vrae te vra vir duidelikheid nie, aangesien hy/sy altyd aandag gee wanneer opdragte gegee word. |
| | | | **Totaal /20** | |

Luister en Praat

Punte: 10



Luister na die juffrou se instruksies, konsentreer mooi en voer die opdragte uit.

Luister na die storie wat juffrou vir jou speel oor "Talienkie Tandmuis en die dief". Vertel dan vir jou juffrou kortliks wat in die storie gebeur het. Juffrou gaan die storie vir jou twee keer speel.

Jy sal volgens die volgende rubriek gemerk word:

| Rubriek – Lees en Praat | | | |
|---|---|---|---|
| 1. Was die leerder instaat om kortliks te vertel wat in die storie gebeur het? | 2 | | |
| 2. Gebruik volume en intonasie terwyl gepraat word. | 2 | | |
| 3. Die leerder kommunikeer effektief en gebruik n uitgebreide woordeskat. | 2 | | |
| 4. Die leerder maak gebruik van gesigsuitdrukkings. | 2 | | |
| 5. Die leerder praat met selfvertroue en maak oogkontak. | 2 | | |
| Totaal | 10 | | |

## Afdeling 2

## Klanke

## Punte: 25

2.1. Onderstreep die regte woord in elke sin. (5)

a) My ma het vir my ( broot / brood ) met kaas gemaak.

b) Ek tap vir my 'n ( bad / bat ) met borrels.

c) Ek slaap op 'n ( bet / bed ).

d) Daar is 'n ( gat / gad ) in my nuwe skoen.

2.2. Gebruik die klanke hieronder en skryf jou eie woord neer. $(6 \times \frac{1}{2} = 3)$

| spr- | skr- | str- |
|---|---|---|
| **spreeu** | **skree** | **straat** |
| **spring** | **skroef** | **stroop** |

**Enige ander korrekte woord sal as korrek aanvaar word.**

2.3. Vul die regte klank in waarmee die woorde eindig deur die klanke in die blok te gebruik. (5)

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| -nk | -er | -nk | -el | -rg |



a) Ons steek 'n ke<u>rs</u> aan as die krag af is.

b) My pa kook water in die ket<u>el</u> om koffie te maak.

c) Ek drink water as ek dors is.

d) Daar is sneeu op die berg.


2.4. Kyk na die prente en voltooi die woorde deur die regte eindklanke te skryf. $(6 \times \frac{1}{2} = 3)$

| | | | |
|---|---|---|---|
|  | vu r k |  | ri n g |
|  | wa r m |  | dri n k |
|  | bek e r |  | eng e l |

2.5. Gebruik die agtervoegsels –lik en –ies om die woorde in die sinne te voltooi. $(6 \times \frac{1}{2} = 3)$

Die boer het klomp skape wat kalf ies gekry het. Hulle was net skielik gebore. Dit is wonderlik dat daar so baie nuwe kalfies is. Die boer is nou vrolik oor die goeie nuus. Die kalfies drink melk met hulle lippies. Die kalfies is so oulik die wil hulle net drukkies gee.

2.6. Verbind die woorde met die regte klank waarmee dit eindig deur n lyn te trek met 'n liniaal: -rms en –rts. (6)






Totaal Afdeling 2= _____/25

## Afdeling 3

**Gedeelde lees** - Persoonlike reaksie op gedrukte media

Punt: 5







Kyk na die advertensie van Spur en Bakers en beantwoord die vrae:

1. Watter advertensie verkies jy en hoekom? Begin jou sin met "Ek verkies . . . ". (2)

   Leerders se eie opinie.

2. Wat adverteer Spur? Noem 3 voorbeelde. (3)

   300g Ribbetjies, 1/4 hoender en 125g calamari.

3. Watter leestekens sien jy in Spur se advertensie? Noem slegs een. Uitroepteken, punt. (1)

4. Wat adverteer Bakers? (1)
Bakers adverteer koekies.

5. Soek twee woorde in Bakers se advertensie wat met 'n "s" begin en skryf dit neer. (2)
Sjokolade en smul.

6. Watter advertensie dink jy sal mense meer van hou en hoekom? (1)
Leerders se eie opinie.

Totaal= ______/10

Verwerkte punt ( 10 x $\frac{1}{2} = 5$) : ___/5

## Groepbegeleide lees

**Punte: 10**

Lees hardop uit jou eie boek in groepbegeleide leessessie saam met die onderwyser, d.w.s. die hele groep lees dieselfde storie.


| Rubriek – Groepbegeleide lees (Lees uit boeke) | | |
|---|---|---|
| 6. Word woorde korrek uitgespreek? | 2 | |
| 7. Verstaan die leerder wat gelees is? | 2 | |
| 8. Lees die leerder vlot en vloeiend? | 2 | |
| 9. Is die leerder duidelik hoorbaar en word tempo afgewissel? | 2 | |
| 10. Word gesigspel en oogkontak gebruik om die teks te verlewendig? | 2 | |
| Totaal | 10 | |

**Selfstandige lees**
**Punte: 10**

Lees die gediggie hieronder hardop vir jou onderwyser.
Onthou om met gevoel te lees.

Weeksdae

Maandae kom met 'n groot skok
Dinsdae ry my pa sy trok
Woensdae is dit brood en sop
Donderdae speel sussie pop
Vrydae sal niemand haat
Saterdae kuier ek by 'n maat
Sondae is dit lekker rus
Dan het ons weer lewenslus!



| Rubriek – Selfstandige lees | | |
|---|---|---|
| 1. Word woorde korrek uitgespreek? | 2 | |
| 2. Verstaan die leerder wat gelees is? | 2 | |
| 3. Lees die leerder vlot en vloeiend? | 2 | |
| 4. Is die leerder duidelik hoorbaar en word tempo afgewissel? | 2 | |
| 5. Word gesigspel en oogkontak gebruik om die teks te verlewendig? | 2 | |
| Totaal | 10 | |

Afdeling 4

Kreatiewe Skrywerk

Punte: 50

## My resep

Skryf jou eie resep deur die woorde in die blok te gebruik om jou te help. Skryf net jies en leesbaar. Jy mag nie minder as 10 sinne skryf nie. Onthou hoe lyk die uitleg van 'n resep, hieronder op die bladsy is 'n voorbeeld van hoe 'n resep lyk om jou te help.

<u>Onthou begin jou sinne met 'n hoofletter en eindig met 'n punt.</u>

Kilogram gram

meel suiker eiers

milliliter liter

teelepel eetlepel

kwart halwe klits

bak meng roer

180grade oond

### Gemmerkoekies

**Bestanddele:**

| | |
|---|---|
| 500 mℓ | Koekmeel |
| 50 mℓ | Fyn gemmer |
| 5 mℓ | Fyn kaneel |
| 2.5 mℓ | Koeksoda |
| 2 mℓ | Sout |
| 250 mℓ | Suiker |
| 80 mℓ | Stroop |
| 1 | Eier |
| 180 g | Botter |

Bruinsuiker om koekies in te rol



**Metode:**

Sif die koekmeel, gemmer, kaneel, koeksoda en sout saam. In 'n aparte bak meng die botter en suiker tot lig en romerig. Meng die eier apart met 'n vurk. Voeg die eier by die botter mengsel en meng baie goed. Voeg die stroop by. Voeg helfte van die meel mengsel by en meng goed, voeg dan die res van die meelmengsel by en meng tot deeg gevorm het.

Maak klein balletjies en rol dit in die bruinsuiker. Plaas op reeds voorbereide bakplaat. Dit is nie nodig om die balletjies plat te druk met 'n vurk nie – dit word self platter as dit bak.


Bak vir ± 15minute by 180°C.

Laat afkoel op draadrakkie en bere 'n lugdigte houer.

| Rubriek – Kreatiewe skryfwerk | | |
|---|---|---|
| 1. **Kwaliteit van resep:**<br>Uitstekende paragraaf – 8 sinne (4 tot 5 punte)<br>Goeie paragraaf – 6 sinne ( 3 tot 4 punte)<br>Onsamehangend – 4 sinne ( 2 tot 3 punte)<br>Swak - ( 1 tot 2 punte) | 5 | |
| 2. Netheid van skryfwerk. | 1 | |
| 3. Kreatiwiteit van rese pen uitleg. | 2 | |
| 4. Taalgebruik<br>(Kyk na spelfoute, die gebruik van leestekens en hoofletters.) | 2 | |
| **Totaal** | 10 | |

Afdeling 5

Handskrif: Skrif en hantering van skryfgereedskap



Punte: 10

Skryf die volgende sin hieronder op die lyntjies oor.



Hy bou sy huis met die tandjies wat hy op eis.

| Rubriek – Skrif | | |
|---|---|---|
| 1. Korrekte lettervorming van kleinletters | 2 | |
| 2. Korrekte lettervorming van hoofletters | 2 | |
| 3. Vorm van boonste en onderste sone van letters korrek – (raak letters bo en onder korrek) | 2 | |
| 4. Skriftelike taakvoltooiing t.o.v die voorgeskewe tyd (Werkstempo) | 2 | |
| 5. Algemene netheid van skrif | 2 | |
| **Totaal** | 10 | |